



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	50 punte
AFDELING B:	Langer Transaksionele Tekste (2 x 25)	50 punte
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkartaal/diagram/vloeydiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A:	ongeveer 80 minute
AFDELING B:	ongeveer 70 (35 x 2) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Kom ek vertel jou my storie [50]

1.2 Om by die bure
by te hou ... [50]

1.3 Goudbruin,
krakerig
en geurig [50]

1.4 Skryf 'n opstel en begin dit met die onderstaande gedeelte as jou INLEIDINGSPARAGRAAF:

LET WEL: Jy moet die inleidingsparagraaf oorskryf, alhoewel dit nie deel van die lengte uitmaak nie.

Die volgelaaide bakkie brul berguit, kronkel dan saam met die pad hartsplek toe ... Ek hang halflyf deur die oop venster. Die windjie woel deur my hare, vee oor my gesig. Ek ruik die water! En ... ek hou asem op ...

[50]

1.5 Wie sou die ware swerwer wees;
die een wat reis; die een wat lees;
die enk'ling op sy slentergang;
of elkeen wat na iets verlang
of wie?

[Uit: Swerwers, Koos du Plessis]

[50]

1.6.1



[Uit: *taalgenoot*, Jul./Aug. 2009]

[50]

1.6.2



[Uit: *Insig – boeke*, Somer 2008]

[50]

1.6.3



[Uit: www.dezuidafrika.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf tekste van 180–200 woorde elk.

2.1 INFORMELE BRIEF

Die Mandela Stigting het onlangs 'n kompetisie vir jongmense wat baie vir hul gemeenskap beteken, van stapel gestuur. Jy ken iemand wat 'n geskikte kandidaat vir hierdie kompetisie is.

Skryf 'n BRIEF waarin jy hom/haar aanmoedig om aan hierdie kompetisie deel te neem.

[25]**2.2 FORMELE BRIEF**

Die bestuur van die ABC Fonds het jou skool se leerlinge versoek om 'n padwedloop te organiseer om geld vir ouetehuse in te samel.

Jy moet namens die skool op hierdie versoek reageer deur redes aan te voer waarom julle betrokke gaan raak, of nie.

Rig jou BRIEF aan:

Die Sekretaris
ABC Fonds
Posbus 1234
Kaapstad
8000

[25]**2.3 AGENDA EN NOTULE**

Jy is die sekretaris van die Lewenstylklub. Julle besluit om die probleem van 'n ongesonde leefstyl te takel.

Stel 'n AGENDA vir julle vergadering op en skryf dan die NOTULE daarvan.

[25]**2.4 FORMELE VERSLAG**

Jy was deel van tieners se lawwe pret wat skeefgeloop en 'n ernstige besering veroorsaak het.

Die polisie vra jou om 'n verslag daarvoor te skryf. Skryf dié VERSLAG.

[25]

2.5 TYDSKRIFARTIKEL

'n Nuwe tydskrif vir jongmense, *Vasbyt*, het jou gevra om die volgende artikel vir hulle lesers te skryf:

Ek en my ouers: dit kan werk!

Skryf die ARTIKEL.

[25]**2.6 ONDERHOUD**

Die plaaslike gemeenskapskoerant stuur jou om 'n onderhoud te voer met 'n jeugwerker wat by straatkinders betrokke is.

Tydens die onderhoud moet jy antwoorde kry op, onder andere, die volgende: hoekom hy/sy dit doen, die genot wat hy/sy daaruit put en die lesse wat hy/sy daaruit leer.

Skryf die ONDERHOUD.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100